

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

OCTOBER / NOVEMBER 2005
OKTOBER / NOVEMBER 2005

AARDRYKSKUNDE HG
(Tweede Vraestel: Kaart- en
Lugfotovertolking)

TYD: 1 ½ uur

PUNTE: 80

HULPBRONMATERIAAL:

- ? Uittreksel van die topografiese kaart van Estcourt.
- ? Uittreksel van die ortofotokaart van Estcourt.

BENODIGHEDE:

- Kandidate moet hulle eie instrumente voorsien en mag ? sakrekenaar en ? vergrootglas gebruik.

INSTRUKSIES:

- Beantwoord AL die vrae.
- In die geval van berekeninge moet **alle stappe** getoon word.
- Die hulpbronmateriaal (d.w.s. die topografiese kaart en die ortofotokaart) moet deur die skole ingeneem word vir hul eie verdere gebruik.
- Kandidate moet hulle kennis van fisiese en menslike aardrykskunde gebruik om die vrae te beantwoord.
- Die ligging van verskynsels word soos volg aangetoon:
 - Hoofletters op die topografiese kaart.
 - Syfers op die ortofotokaart.

Die volgende Engelse terme met hul Afrikaanse vertalings verskyn op die topografiese kaart:


Boat Club	:	Bootklub	Nature Reserve	:	Natuurresewaat
Boesmans River	:	Boesmansrivier	Rail Route	:	Spoorroete
Furrow	:	Voor	Rifle Range	:	Skietbaan
Landing Strip	:	Landingstrook	Sewage Works	:	Rioolwerke
Monument	:	Monument	Weir	:	Stuwal / Uitkeerwal

VRAAG 1

Verwys na **Figuur 1**.

FIGUUR 1

- Internasionale grens
- Provinsiale grens
- Nasionale deurpad




- 1.1 Noem enige TWEE provinsies aangrensend aan die een waarin Estcourt geleë is. (2)
 - 1.2 Verskaf die nommer van roete wat **2** gemerk is. Kies uit: **N1 / N2 / N3 / N4** (1)
 - 1.3 Watter TWEE hoofnywerheidstreke van Suid-Afrika word deur hierdie roete (Vraag 1.2) verbind? (2)
- [5]**

VRAAG 2

Bestudeer die topografiese kaart asook die ortofotokaart.

- 2.1 Teken die diagram (op die volgende bladsy) in jou antwoordboek oor en verduidelik daarop die kaartindeks-verwysing van die topografiese kaart deur die breedte- en lentelyne te benoem en die posisie van die Estcourtkaart te merk. (4)
- 2.2 Verskaf die kaartindeks-verwysing van die topografiese kaart direk noord van dié een van Estcourt. (1)



- 2.3 Vergelyk die topografiese en ortofotokaart met mekaar.
- 2.3.1 Is die skaal van die ortofotokaart groter, dieselfde óf kleiner as die skaal van die topografiese kaart? (1)
- 2.3.2 Verduidelik jou antwoord op Vraag 2.3.1. (2)
- 2.4 Bereken die afstand van die spoorlyn vanaf die middel van die spoorwegstasie op Estcourt (ruit A8) na Frere, ? buurdorp noordwes van Estcourt. (5)
- 2.5 Bereken die magnetiese deklinasie vir die kaartgebied vir 2005. (4)
- 2.6 Bereken die magnetiese peiling vanaf punthoogte 1376 (ruit D7) na punthoogte 1292 (ruit B5). (3)
- [20]**

VRAAG 3

- 3.1 Bestudeer die landvorme wat **O** (ruit G11), **P** (ruit B11) en **Q** (ruit A11) gemerk is.
- 3.1.1 Word hierdie landvorme met massiewe stollingsgesteentes **OF** hellende gesteentelae **OF** horisontale gesteentelae geassosieer? (1)
- 3.1.2 Benoem die landvorme wat onderskeidelik met **O**, **P** en **Q** aangedui word is. (3)
- 3.1.3 Watter EEN van die landvorme **P** of **Q** was die langste aan erosie blootgestel? Verduidelik jou antwoord. 2x2= (4)
- 3.1.4 Uit watter tipe gesteentes behoort hierdie landvorme heel waarskynlik te bestaan? (2)
- 3.2 Teken ? benoemde kantaansig-skets op die lyn **R** (ruit D3) om die onderskeie hangvorme aan te toon. 2+4= (6)
- [16]**

VRAAG 4

- 4.1 Die boerderystelsels in ruit C4 en F3 verskil van mekaar.
- 4.1.1 Is die boerderystelsels in ruit C4 mees waarskynlik ? bestaans- óf ? kommersiële tipe stelsel? Verskaf TWEE redes om jou antwoord te staaf. 1+(2x2)= (5)
- 4.1.2 Is die boerderystelsels in ruit F3 mees waarskynlik ? bestaans- óf ? kommersiële tipe stelsel? Verskaf TWEE redes om jou antwoord te staaf. 1+(2x2)= (5)
- 4.1.3 Watter tipe nedersettingspatroon kom onderskeidelik in ruit C4 en F3 voor? (2)
- 4.2 Bestudeer ruite A12, B12 en C12 op die topografiese kaart.
- 4.2.1 Watter omgewingsprobleem kan hier waargeneem word? 1x2= (2)
- 4.2.2 Wat is, volgens die topografiese kaart, die waarskynlikste oorsake van hierdie probleem? 2x2= (4)
- 4.2.3 Watter bewys is daar op die topografiese kaart toon aan dat daar aan hierdie probleem aandag geskenk is? 1x2= (2)
- [20]**

VRAAG 5

- 5.1 Verwys na ruit F4.
- 5.1.1 Watter vorm vertoon die nedersetting in ruit F4? (2)
- 5.1.2 Verklaar hoe hierdie vorm ontstaan het. 2x2= (4)
- 5.1.3 Klassifiseer die nedersetting as ? waterpunt- óf ? droëstandplaas-nedersetting. (2)
- 5.2 Die gedeeltes van die dorp wat **10** en **14** op die ortofotokaart gemerk is, verskil in ouderdom van mekaar.
- 5.2.1 Watter gebied, **10** óf **14**, is onderskeidelik die jonger en die ouer gedeeltes? (2)
- 5.2.2 Staaf jou antwoord vir elk van gebiede **10** en **14**. 2x2= (4)
- 5.3 Bestudeer die gebiede wat **T** (ruit B8) en **S** (ruit B7) op die topografiese kaart gemerk is.
- 5.3.1 Watter EEN van die gebiede, **T** óf **S**, sou jy aanbeveel vir die ontwikkeling van ? toekomstige hoë-inkomste-woonbuurt? (1)
- 5.3.2 Verskaf TWEE bewyse vanaf die topografiese kaart om jou antwoord op Vraag 5.3.1 te verduidelik. 2x2= (4)
- [19]**

TOTAAL: 80

EINDE